Oktober 2018

# Stellenberger

## Feesmark 17 Oktober tot 3 November




Besoek die Feesmark en restaurant op weeksdae vanaf 10:00 tot 20:00 en Saterdae vanaf 09:00 tot 18:00.

350 uitstallers neem aan vanjaar se Feesmark deel. Uitstallers bied handware van die hoogste gehalte aan. Die feesmarkorganiseerders, Marilize Möller-Verreynne en Adri du Randt, vertel dat hulle die 350 uitstallers uit meer as 'n 1 000 aansoekers gekies het. Afwerking, gehalte en ook prys was van die aspekte waaraan hulle tydens die keuringsproses aandag gegee het.

Die Feemark spog ook vanjaar met 'n splinternuwe AANLYN WINKEL. Jy kan vanaf 17 Oktober tot 3 November jou feesmarkaankope in die gerief van jou eie huis doen. Aankope kan dan by die afhaalpunt by die feesmarkingang afgehaal word, of na 'n adres van jou keuse, op eie koste, gekoerier word. Uitstallers wat ware via die aanlyn winkel verkoop, sal nie noodwendig hulle volledige produktereeks aanlyn beskikbaar stel nie, en net die mees geskikte produkte vir die aanlyn mark selekteer. Besoek gerus die aanlyn winkel by www.stellenberg.co.za.

## Dankbiduur vir goeie reënval op 15 Oktober

Op Maandag 15 Oktober om 19:00 kom ons in die kapel byeen uit dankbaarheid vir die goeie reënval wat ons die afgelope winter beleef het.
Ons wil graag die Here daarvoor loof.
Almal is welkom.



# Vanaf 14 Oktober tot 4 November vier ons saam fees

deur: ds. René Potgieter

**Oktobermaand word nie sonder rede as die mooiste, mooiste maand van die jaar besing nie. Die geur van lente hang in die lug en koue weer maak plek vir warmer sonskyndae. Oktobermaand is in Stellenberg ook sinoniem met ons feesmarkvieringe. Al die vrolikheid en geselligheid van die feesmark pas dan ook by die vrolikheid wat ons in die natuur beleef.**

Die eredienstemas vir die gesamentlike oggenddienste, wat gedurende die feesmarktyd aangebied word, haak dan ook by die heersende feesgees aan en is heel gepas: Ons vier fees. In die Bybel word daar op verskeie plekke van feeste en feesgeleenthede gepraat en ons nooi jou uit om vir die volgende drie Sondae jou feesklere aan te trek en die unieke feesgeleenthede in die Bybel saam met ons te kom beleef. Hier volg die tekste en temas:

Sondag 14 Oktober om 09:00 in die kerk - Paasfees (Eksodus 12:1-8)

Sondag 21 Oktober om 09:00 in die kerk - Nagmaalsfees (Lukas 22:7-23)

Sondag 28 Oktober om 09:00 in die kerk - Bruilofsfees van die Lam (Openbaring 19:5-10)

Die junior kleingroepe sluit ook by die feestema aan. Graad 1 tot 7 gaan vanaf 14 Oktober tot 4 November saam feesvier met die tema: Dit is 'n fees om 'n kind van God te wees.



Neem asseblief ook kennis van die onderstaande logistieke reëlings wat met die oog op die aanbieding van die feesmark getref word:

- ’n Gesamentlike diens word om 09:00 in die kerk aangebied.
- Die gesinsdiens verskuif dus na die kerk. Die meditatiewe diens om 09:00 en aanddiens om 19:00 gaan voort in die kapel.
- Die jeugdiens om 18:00 gaan voort in die kerk.
- Kleuter- en peuterkerk verskuif na die komiteekamer in die kerkkantoor.
- Junior kleingroepe kom almal (graad 1 tot 7) in die kerk byeen.
- Senior kleingroepe – graad 8 tot 10 kom in die kerk byeen en graad 11 in die restauranttent.
- Die kafeteria op Sondagoggende verskuif ook na die restauranttent.

**Samesteller:** Sanèl Joubert / **Taalversorging:** Annemarie Spies /
**Bydraes en voorstelle:** sanel@stellenberg.co.za 021 976 4519
NG Kerk Stellenberg, Edelweissweg, Eversdal / www.stellenberg.co.za

# Tiendemaandinsameling 2018



## ONS GEE

Jeremia 17:8 “So iemand is soos 'n boom wat by water geplant is en sy wortels na die stroom toe uitstoot, nie die hitte voel as dit kom nie en altyd groen blare het; 'n droë jaar raak hom nie en hy hou nie op om vrugte te dra nie.”

**Vir jou deelname aan die tiendemaandinsameling word jy met ’n gratis spekboom, geskenk deur die Kweek-vir-die-Here-span, beloon.**

## Neem deel en gee terug

- Met die oog op die tiendemaandinsameling in November, versoek ons dat jy biddend sal oorweeg om as dit moontlik is, jou gewone maandelikse bydrae vir hierdie spesiale maand tot 'n tiende van jou inkomste te verhoog.
- Bring asseblief op Sondag 4 November (of enige ander Sondag in November) jou tiendemaandbydrae, of bewys van die bydrae in ’n leë blikkie saam na die erediens toe en in ruil sal jy• ’n **spekboompie ontvang.**• Kontant moet asseblief in 'n toegeplakte koevert binne-in die blikkie geplaas word.
- Die leë blikkies word vir latere gebruik aan die Kweek-vir-die-Here-span geskenk.
- Plant jou spekboom by die huis as simbool van samesyn in die gemeente, maar ook as teken van die veranderende krag wat daar in elke individu, maar ook in die geloofsgemeenskap, skuil.
- Dit dien as simbool dat ons ook wil teruggee wat ons in oorvloed van die Here ontvang – "suurstof" vir die wêreld en sy mens, asook vir die omgewing waarin die Here ons plaas!

## Spekboomfeite – simbool van ons insameling



- Een hektaar spekbome kan jaarliks 4 tot 10 ton koolstofdioksied in suurstof omskakel. Dié esteties onindrukwekkende plante is dus ’n uitstekende simbool van **TERUGGEE** en hoe ook elke gelowige dan ’n veranderende rol kan speel.
- Die blare van die spekboom is eetbaar en propvol vitamiene. As God se mense **KAN** ons bruikbaar en betekenisvol leef (Psalm 1).
- Alle volgelinge van Jesus is geroepe om die wêreld te verander! **JOU** bydrae kan beslis iemand in die geloofsgemeenskap, of buite die kerkgemeenskap, se lewe verander.

# Uitreik na Vosburg

"Ons het die afgelope skoolvakansie met 'n span van 14 Stellenbergers na die afgeleë gemeenskap van Vosburg uitgereik," sê ds. Why Duvenhage, leraar verantwoordelik vir uitreike. "Ek is baie opgewonde oor die groot groep plaaslike inwoners, wat as leiers deur ons opgelei is. Dié trotse span op die foto links onder, pryk saam met hulle mentor, 'n plaaslike polisieman. Dit is sulke inisiatiewe wat 'n uitreik vir my deur en deur die moeite werd maak. Dit maak 'n mens se hart warm wanneer mense as leiers opgehef word en jy sien hoe hulle gesindheid verander. Dié leiers gaan ook by ons kamp vir minderbevoorregte kinders vanaf 13 tot 18 Desember inskakel. Ek is trots op die Stellenbergspan wat ten spyte van 'n maagkiem wat sommige spanlede aangetas het, steeds hard gewerk het en die liefde van Jesus met volle oorgawe met die mense van Vosburg gedeel het."






Ons Stellenbergspan. Hulle vorm 'n hartjie met hulle hande as simbool van Jesus se liefde wat hulle tydens die uitreik versprei het.



Die span plaaslike leiers saam met hulle mentor, 'n polisieman, Less van Louw ook van Vosburg.

# Is jy nuut in die gemeente?

deur: ds. Marius Breytenbach

**In Stellenberg is dit vir ons belangrik om voortdurend die gemeente en sy aktiwiteite so in te rig dat lidmate kan tuiskom en nader aan God en mekaar groei. In 'n makrogemeente kan dit vir 'n mens voel of jy op Sondae tussen 'n magdom mense verdwyn. Daarom wil ons graag deur middel van spesiale byeenkomste persoonlik met nuwe lidmate kennis maak en hulle beter leer ken.**

**Nuwe lidmate, wat in die loop van 2018 by ons aangesluit** het, word daarom hartlik na 'n byeenkoms op Sondag 21 Oktober om 09:00 in die feesmarktent uitgenooi. Hier stel ons graag nuwe lidmate aan mekaar voor en deel die gemeente se visie met hulle.

Ons kuier saam om die restauranttafels, luister na die Woord van die Here en vier die voorreg om deel van 'n geloofsgemeenskap te wees. Ds. Marius Breytenbach lei die byeenkoms met die teks en tema: Watter plek is dit hierdie? Kom vind die ware Jakob! Genesis 28. Ons maak ook spesiaal vir voorskoolse en laerskoolkinders voorsiening.

Kontak vir Odette Basson (021 976 4519, odette@stellenberg.co.za) indien jy graag hierdie geleentheid wil bywoon. Ons benodig die getalle vir die bediening van verversings.

Alle nuwe lidmate word aan 'n predikant wat vir hulle verantwoordelikheid neem en hulle ook tuis sal besoek, toegewys. Kontak asseblief vir Odette Basson (021 976 4519, odette@stellenberg.co.za) indien jy nog nie vanjaar besoek is nie.

# Stellenberg Bybelskool



## Die vertellers van die Ou Testament

Die Ou Testament het oor 'n lang periode tot stand gekom en in dié vier-weke-kursus ondersoek ons hoe die Ou Testament oor tyd heen ontwikkel het, wie die vertellers was en wat hulle deur die verhale wou kommunikeer.

Aanbieder: ds. Marius Breytenbach

Datums: Dinsdagaande (13,20,27 November asook 4 Desember) van 19:00 tot 20:30

Koste: R30

Plek: Stellenberg se kleinsaal

Inskrywings: Karin Barter by Stellenberg-kerkkantoor, 021 976 4519 of karin@stellenberg.co.za